

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

Logo	DATUM	DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE		
	2016/08/29	2016/08/26		2016/08/22		2016/08/01		2015/08/31		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	
Brent (\$/b)	49.34	-0.23	-0.5%	49.57	-2%	50.22	17%	42.34	-6%	52.65
US\$: ? ZAR	14.31	0.190	1.3%	14.12	5%	13.58	3%	13.91	8%	13.24
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1,780.20	-18	-1.0%	R 1,798.25	*CBOT Sep sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Mielies Sep +12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2,013.82	-68	-3.3%	R 2,081.77	*CBOT Sep sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Koring Sep +12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 5,205.44	26	0.5%	R 5,179.13	*CBOT Sep sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Soy Sep +12:00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Spot	316.00	-7.50	-2.3%	323.50	-5%	334.00	-3%	325.75	-18%	386.25
Wheat Spot	383.00	-18.25	-4.5%	401.25	-10%	427.00	-6%	406.00	-22%	490.25
Soybean Spot	990.00	-8.25	-0.8%	998.25	-4%	1027.00	-1%	996.00	11%	892.25
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))										
SORGHUM SPOT	3435	35	1.0%	3400	0%	3435	0%	3450	16%	2974
WMAZ SPOT	4244	13	0.3%	4231	-1%	4297	4%	4080	36%	3130
YMAZ SPOT	3165	5	0.2%	3160	0%	3161	1%	3141	13%	2808
SOY 50 SPOT	6470	-80	-1.2%	6550	2%	6352	-2%	6576	23%	5245
SUN SPOT	6230	150	2.5%	6080	6%	5900	12%	5585	13%	5500
WHEAT SPOT	4305	-10	-0.2%	4315	0%	4290	3%	4188	2%	4226
OLIESADE	2016/08/26	Bron: Oilworld		2016/08/19	Feb 2016		Maart 2015			
Soya-oil, Arg.	758			-4%	787	12%	677	12%	676	
Soya-pell, Arg.	371			-3%	382	23%	302	1%	368	
Soybean, Brazil	420			0%	420	14%	367	2%	410	
USA Runner 40/50	1550			0%	1550	35%	1150	19%	1300	
Sun-oil, Arg.	785			-1%	790	5%	748	-2%	800	
Sun-oil, Black Sea	775			1%	765	-1%	785	3%	750	
Sunseed, Black Sea	385			0%	385	-6%	408	-6%	409	
Rapeseed, EU cif	428			0%	427	8%	395	7%	399	
Palmk oil Mal, EU	1450			-1%	1460	47%	988	40%	1037	

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel rondom R14.31 teenoor die dollar vanoggend. Verlede week het die rand die swakste vertoon vanaf Mei 2016. Die swak vertoning van die rand kom na die aankondiging dat die minister van finansies Pravin Gordhan moontlike inhegtenisneming in die gesig staar deur die Valke. Die debat rondom 'n moontlike afgradering van die Suid Afrikaanse kredietgradering na rommelstatus is weereens aan die orde van die dag, met die ontstaan van die onsekerhede in SA wat strek van die politiek tot met die ekonomie. In 'n verslag deur Reuters waarsku 'n groep analiste dat SA moontlike afgraderings in die gesig staar later vanjaar. Die aankondiging deur die Voorster van die VSA se Federale Bank dat die Amerikaanse ekonomiese data redelik na wense is, kan lei tot 'n definitiewe verhoging van die VSA rentekoerse hierdie jaar. Wanneer presies dit gaan gebeur is nie genoem nie, maar wat wel duidelik was, is dat die verhoging geleidelik sal plaasvind. Die goudprys het tot amper 'n maand laagtepunt gedaal met beleggers wat gewag het vir die aankondiging van die VSA se Federale Bank. Die olieprys is ook effe hoër, maar daar is steeds onsekerhede of die OPEC lande se kritieke produsente produksies moontlik gaan staak.

Sojabone: Internasionale oorsig: Die globale vraag na sojabone word verwag om te styg met 17 miljoen ton en 'n nuwe hoogtepunt van om en by 332.5 miljoen ton te bereik in hierdie seisoen. Die beermark faktore wat na vore gebring word deur die voorspelde rekord VSA produksies, is in groot kontras met die bulmark wat geskep word deur die ongewone groot wêreld vraag na sojabone. Na die VSA oestoeë die afgelope week is die moontlikheid van goeie opbrengte in die VSA bevestig met die verslae wat toon dat die produksie toestande gunstig lyk. Die totale uitvoerverkope van VSA sojabone was 18.3 miljoen ton vanaf die 2de Junie tot met die 18de Augustus. Dit is aansienlik hoër as die 7.9 miljoen ton van 'n jaar gelede. Dit dui op die groot afhanklikheid van die wêreld vir VSA sojabone. Die huidige vooruitsigte is dat die uitvoere van sojabone vanaf Suid Amerika aansienlik laer behoort te wees hierdie seisoen in vergelyking met verlede seisoen. Die verwagtinge is dat die VSA uitvoere van sojabone na alle bestemming met ± 24% behoort te styg. **Plaaslik:** In die nuutste oesskatting wat verlede Woensdag bekend gemaak was, is die totale produksie vooruitsigte vir die seisoen onveranderd gelaat op 750 250 ton. Die tempo van sojaboon pers vir oliekoek het toegeneem die afgelope twee maande volgens die nuutste SAGIS maandelikse syfers. Alhoewel die persmarges steeds negatief is, het die verliese aansienlik gedaal met die skerp dalings wat in die plaaslike soja pryse waargeneem was vanaf middel Junie.

Sonneblomsaad: Internasionale perspektief: Die wêreld vooruitsigte is dat sonneblom produksies behoort te styg vir die 2de agtereenvolgende jaar met om en by 3.9 miljoen ton na 'n nuwe rekord produksie van 46.1 miljoen ton. Die 2016/17 wêreldvraag en aanbodsyfers is kritiek in die sonneblommarkte aangesien die markte vasgevang is tussen die vooruitsigte van stygende produksie, maar ook 'n stygende vraag na sonneblomme wat die druk op die pryse as gevolg van goeie oeste uit kanselleer. Stropery het alreeds begin in sommige kritieke areas van die swart see streek. Goeie opbrengste word verwag in die Oekraïne sowel as in Rusland. Die oesverwagtinge in die EU is laer as gevolg van ongunstige weer wat die sonneblomproduksies in groot dele van die EU negatief beïnvloed het. Die sonneblomproduksies in Argentinië wat vroeg in 2017 gestroop word, word verwag om 'n 9 jaar hoogtepunt van ± 3.7 – 3.8 miljoen ton te bereik. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblompryse is steeds baie volatiel en groot bewegings in die pryse word gesien. Die nuutste SAGIS maandelikse syfers toon ook 'n styging in die sonneblom persery vir oliekoek die afgelope twee maande. Die sonneblompryse het skerp gedaal vanaf Februarie 2016 en die pryse verhandel nou redelik teen dieselfde vlakke as die afgeleide pryse (olie & oliekoek pryse), terwyl die pryse aansienlik hoër as die afgeleide pryse verhandel het vroeër dié seisoen.

Canola: Internasionale perspektief: Die internasionale vooruitsigte vir canola en raapsaad produksie is sterk afwaarts aangepas al word daar verwag dat groot oeste in Kanada, Australia en Indië kan voorkom. Die verwagtinge is dat die invoere deur die EU hoër behoort te wees hierdie seisoen met die produksie in die EU wat laer is as gevolg van ongunstige weer wat voorgekom het gedurende die groei seisoen. Die wêreld uitvoere van canola en raapsaad word verwag om te